We are only as strong as we are united, as weak as we are divided.

JK Rowling

UIT DIE HOOF SE KANTOOR……

Hierdie is die eerste nuusbrief van 2019! Mag dit 'n wonderlike, geseënde jaar wees vir elke familie van DNK en ook ons skool, sodat ons ons skool na die volgende vlak kan neem met 'n perfekte balans.

Ek vertrou dat al die graad 8 leerders, nuwe seuns en dogters in die ander grade en ons nuwe personeel, reeds tuis is en welkom voel in hul nuwe omgewing.

Baie dankie aan al die nuwe ouers wat die 'welkom-funksie' op 23 Januarie bygewoon het. Ek vertrou dat u dit geniet het asook dat u nuwe vriende gemaak het.

Die HS Interhuis gala was 'n groot sukses en in uitstekende gees geniet op 'n warm somersdag op Vrydag 18 Januarie. Ons graad 8 oriëntasie het die dag se aktiwiteite voltooi.

Die skoolkalender vir 2019, met die gereelde datums en aktiwiteite, is aan elke familie uitgereik. Enige datum wat mag verander sal d.m.v. die nuusbrief of die D6 gekommunikeer word.

Hierdie kwartaal is slegs 10 weke lank (48 skooldae), waarvan drie weke reeds verby is. My boodskap aan die res van die skool is dat elkeen dadelik skouer aan die wiel moet sit en begin werk!

Ons beste wense vergesel u op 'n suksesvolle 2019.

Private Bag X02, Hyper by the Sea, 4053
T: 031 564 1347 / F: 031 564 1359

25 Prospect Hall Rd, Durban North
E: admin@durbannorthcollege.co.za

BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING

Eerste datum: 5 Februarie

Tweede datum: 12 Februarie

Daar het een ouer vakante pos op die Skool se Beheerliggaam ontstaan. Inligting is reeds aan u deurgegee. Nominasievorms is by die kantoor beskikbaar.

SKOOLFOOIE

Baie dankie aan al die ouers wat reeds hul skoolfonds vir 2019 betaal het. Ek herinner u dat indien u voor 28 Februarie 2019 betaal, u vir 'n 5% korting kwalifiseer. Die eerste skoolfondsbetaling is nou betaalbaar.

MySchool MyVillage MyPlanet

ELKE KEER AS U U KAART GEBRUIK, TEL DIT
Ouers, u kan
'n verskil maak!

Weet u dat elke keer wat u u MySchool kaart gebruik, ontvang DNK 'n sekere persentasie wat bydra tot die suksesvolle bedryf van die skool?

Teken nou in as u nog nie 'n kaart het nie en onthou om DNK u begunstigde te maak. Fondse verlede maand ingesamel beloop R2 252.50, bygedra deur 283 ouers wat hul kaarte gebruik het!

WAG NA SKOOL

Ek wil weer eens alle ouers waarsku om asseblief oplettend en waaksaam te wees wanneer u vir u kinders wag om opgelaai te word. Die sekuriteitswagte is die eerste lyn van verdediging. Hulle is in staat om enige ongewenste persone aan te meld en alarm te maak indien hulle enige iets sou waarneem. U kind moet ook asseblief nie op die sypaadjie wag indien hy/sy nie onmiddellik opgelaai kan word nie, maar eerder binne die skoolterrein.

SKOOLKWARTALE - 2019

1ste	2de
09/01 - 15/03	02/04 - 14/06
3de	4de
09/07 - 20/09	01/10 - 04/12

BELANGRIKE DATUMS

Februarie		
Saterdag	2	Mini krieket wedstryde begin
Dinsdag	5	HS Interskole gala in Pietermaritzburg
Woensdag	6	Produksie 2000 – graad 1 – 7 leerders
Donderdag	7	Gr 8 - 2020 Opedag
Vrydag	8	LS Interhuis swemgala
Dinsdag	12	LS Interskole gala @ Werda
Vrydag	15	Siwwie dag Valentynsokkie gr 8 – 12
Vrydag	22	DNK Gholf dag

PERSONEEL NUUS

WELKOM AAN ONS NUWE PERSONEEL

Hartlik welkom aan ons nuwe personeel Me Lauren Burnett, Mev. Nicole Mc CLeod en Mev. Mona Potgieter.

Ons wens julle baie gelukkige jare toe by DNK.

Die volgende personeel vier hul verjaarsdae gedurende die maand van Februarie:

Mrs. Paisley

Mr. Lombard

Mrs. Carstens

Mrs.Lourens

Mrs. Jacobs

Mrs. Callow

STUDIEKURSUS GR 4 - 7

Mev Howard bied 'n opwindende studieprogram aan vir alle SP-leerders.
Die kursus strek oor 'n periode van 6 weke en word vir leerders sowel as hul ouers aangebied.
Die koste beloop slegs R600 per leerder.

Leerders sal die volgende vaardighede aanleer:

- Hoe om hulle eie brein te verstaan
- Om doelwitte te stel
- Skoolwerk te verstaan
- Leer om te luister na belangrike inligting
- Opsommings te maak wat hul kan help met die studie en onthou van inligting
- Voltooiing van projekte en navorsing van inligting
- Hantering van spanning en vele meer handige inligting

LAëRSKOOL NUUS

Ons nuwe Graad 1 leerders van DNK spog met hul brëe glimlaggies op die eerste dag van skool.

DNK se trotse Gr. 1 leerders tydens hul kersaansteekseremonie. Laat julle liggies skyn!

Die Graad 2 leerders het meer oor "gesonde kos" geleer en spog met hul projek.

Die Graad 3 leerders het bietjie tyd in die groentetuin gespandeer. Hulle het heelwat interessante insekte gevind, soos n paar wurms waarvoor die meisies gegril het. Die leerders plant nuwe groente volgende week en enige saadjies om te plant is welkom.

Die Graad 3 E klas het 'n laglekker Internasionale Springmieliedag op 21 Januarie gevier.

7 Maniere om jou graad 4-9 Organisasie Vaardighede aan te leer.

In graad 4-9, moet leerders leer hoe om met meer huiswerk en 'n toenemende sosiale kalender te handteer, daarom is dit belangrik om organisasie vaardighede aan te leer en om tyd te prioritiseer. Hier is 'n paar maniere om die vaardighede aan te leer, van beplanning vir sperdatums vir projekte, tot om skool benodighede te beplan en te organiseer.

Hier is 7 maniere om jou kind te help om sy/haar organisasie vaardighede tuis te verbeter.

1. Organiseer lyste in logiese orde.

Doel: Neem chaos uit tuiswerk.

Byvoorbeeld: Projekte kan organiseer word met hul sperdatums, of volgens tyd benodig of moeilikheidsgraad daarvan.

2. Leer hoe om te besluit en te oorwin (divide and conquer).

Doel: Vermy dat sperdatums van langtermyn projekte jou onverhoeds tref.

Byvoorbeeld: Gebruik 'n kalender, wys jou kind dat as jy elke dag 'n bietjie doen jy jou werk en take prioritiseer en organiseer en in tyd voltooi.

3. 'n Voordeur area of houer of 'launch pad' te hê.

Doel: Alles wat jou kind benodig is by die deur, gereed vir skool tyd.

Byvoorbeeld: 'n Gealokeerde plek by die deur wat jou kind die volgende dag vir skool gaan benodig: skooltas, skoolskoene, projekte, sportsak, musiekinstrument of selfs 'n uitveër ens.

4. Kleur-kodeer take.

Doel: Prioritiseer take en boodskappe volgens kleur.

Byvoorbeeld: Jy kan baie belangrike werk met rooi 'sticky notes' merk en werk wat teen die einde van die week gedoen moet wees met groen aandui.

5. Gebruik 'n witbord.

Doel: Maak dinge makliker deur dit te visualiseer.

Byvoorbeeld: Jou kind kan 'to-do' lyste maak, gedagtes vir take neerskryf of selfs dit wat hy/sy wil of moet onthou.

6. 'n Weeklikse skooltas skoonmaakdag hê.

Doel: Raak ontslae van rommel en ook belangrike items.

Byvoorbeeld: Verwyder ou papiere, onnodige items, oorblywende eetgoed en potlood stukkies, want dit maak dit maklik vir jou kind om dinge makliker te vind.

7. Hou tred met die tyd.

Doel: Help jou kind beter beplan.

Voorbeeld: Deur die begin en eindtye vir take of projekte neer te skryf vir 'n paar weke, kan jou kind leer hoe om sy/haar tyd in die toekoms vir verskillende take te beplan .

Deur Amanda Morin

https://www.understood.org/en/school-learning/learning-at-home/teaching-organizational-skills/at-a-glance-7-ways-to-teach-your-middle-schooler-organization-skills

HOëRSKOOL NUUS

GRAAD 8 ORIëNTASIE

Die Graad 8 Kersaansteekseromonie het plaasgevind op 28 January 2019.

Baie welkom by DNK!

Ons hoop julle het net gelukkige dae en dat julle liggies altyd sal skyn.

GRAAD 8 KONSERT

Die 2019 Graad 8 leerders het 'n suksesvolle groentjie konsert aangebied op Vrydag,

25 Januarie.

Dankie aan al die personeel en ouers wat bygedra het tot die sukses van die konsert.

HOëRSKOOL INTERHUIS GALA

Die hoërskool gala het plaasgevind op 18 Januarie 2019. Ons sê graag dankie aan al die ouers wat getrou hul kinders langs die swembad ondersteun het. Baie geluk aan al die leerders wat prestreer het. Welgedaan!

Leerder	Goud	Silwer	Brons
Shirees Pretorius	2	1	1
Armand van Rensburg	4		
Ursula Viljoen	2	1	
Tianu van Niekerk	4		
Marcé Strydom	4		
Wandré Terblanche	3	1	1
Mia Fourie	2		
Hannah Gilbert	4		
Nathan Gilbert	1	2	
Calandra Naiker	2	1	
Dillon Verster	1	1	
Antonio Chetty	3		
Dawid Cronje	3		1
Theane Janse Van Rensburg	2	2	
Marco Van Dyk		1	1
Suvaan Sookdeo		1	
Hesmé Cronje		2	
Akshay Dabideen		1	1
Kaydene Williamson		1	
Chad Stevenson		1	
Giordan Christophers		1	
Tyron Britz		1	1

Nicelle Grobler	1	
Wilhelm Viljoen	1	
Darlene van Dyk	1	1
Anika Rabie	1	2
Justin Scott	1	1
Immeul Van Dyk	1	1
Seth Sotiralis	1	
Chamoné Visagie	1	2
Adelio Nadass		1
Justine Henning		2
Maritia Schoeman		2
Angelo Duvenhage		1
Daniel Pillay		1
Timothy Still		1
Cade Smith		1
Jarrod Venter		1
Zeeshan Rasool		1

Victor Ludorum Wandré Terblanche

Victrix Ludorum Marcé Strydom

FINALE PUNTE

Rooi 317

Geel 194

AKADEMIESE TOP 3 LEERDERS VIR KWARTAAL 4: 2018

Dit is die vrugte op 'n jaar se harde werk en 'n pragtige prestasie! Baie geluk!

Gr. 8: 1. A. Jeewon
2. K. Gopaul
3. D. Ramnaryan

Gr. 9: 1. H. Cronjé
2. P. Nayagar
3. C. Putter

Gr. 10: 1. A. Daniel
2. M. Fourie
3. A. Silochan

Gr. 11: 1. S. Harilal
2. D. Cronje
3. S. Xulu

2019 BIBLIOTEEK MONITORE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gekies is as Biblioteek Monitors:

1. Dedré Van Aardt
2. Elvoné Strydom
3. Zander van Zyl
4. Janéy Carstens
5. Hanaa Habida
6. Gemma Strydom
7. Enhle Mthombeni
8. Cayleigh Adriaan
9. Mary-Jane Van Dyk
10. Theané Janse Van Rensburg
11. Shaun Venter



DNK se eerste Gholfdag vind plaas op 22 Februarie 2019.
Skakel ons gerus indien u sou belangstel in 'n 4-bal of die borg van 'n putjie.

SCHOOL COMMUNICATOR
Connecting with parents

Vir inlgiting & datums laai die D6 toep af op jou foon

facebook

Vir foto's onthou om ons facebook blad te besoek!

DANCE BARRE 082 333 3321

Bied klasse aan vir Seuns & Dogters van alle ouderdomme
ACRO -HIP HOP- MODEREN- MUSIKAAL TEATER- TAP- CONTEMPORARY